

“GEROOFDE VREUGDE SAL HERSTEL WORD”

Te midde van die onrus en dreigemente van vervolging help SAT-7 Siriese Christene om vertroosting in Jesus te vind. Die woorde van vroue uit die oorlogsverskeurde Aleppo, uitgesaai op SAT-7 ARABIES, het kykers in soortgelyke situasies bemoedig dat God steeds by hulle is.

Tydens `n kerkdiens wat deur SAT-7 uitgesaai is, het `n lidmaat, Mona, vertel van die onbeskryflike swaarkry wat Christene verduur en die onfeilbare geloof van ontelbare gelowiges, selfs wanneer hul met die dood gedreig word.

“Een jongman, Abdel, het gereeld die eredienste bygewoon. Hy was `n stil beskeie jongman, gedurig besig om te bid. Abdel was `n geneesheer en het sy mediese dienste gratis aangebied. Met Daesh (IS) se inval in die stad het hul hom gevange geneem en gedreig om hom dood te maak tensy hy sy geloof versaak. Hy het geweier en is summier tereggestel.”

Ondanks al die dreigemente, is Siriese Christene besig om na God te keer en ervaar hul Sy seën. `n Ander lidmaat, Therese, getuig hoe God se genade haar en haar familie se lewens gespaar het. Sy vertel: “Skielik hoor ons `n oorverdowende ontploffing. Ons is geensins beter as die ander wat gedood is nie. Dis slegs omdat ons nog hier `n rol het om te vervul deur te getuig van God se goedheid. Elkeen van ons het steeds `n taak om teenoor familie, vriende en bure te getuig van die Here se ewige genade.”

Die welbekende spreker, Dr Yvette Elbayadi Isaac bemoedig ook die gemeente en die SAT-7 kykers: “Die hele wêreld bid tans vir die Kerk in Sirië. Ons glo dat alles wat van ons geroof is, terugbesorg sal word, die geroofde vreugde sal herstel word.”

- Pleit vir verminderde geweld in die Midde-Ooste. Tree in vir ontworteldes, beseerdes en lydendes.
- Loof die Here vir getroue kerkleiers wat in gevaarlike gebiede agterbly om hul sukkelende gemeentes te dien en om diegene wat God soek, te begelei. Bid vir Christen gelowiges in gevaarlike gebiede. Vra dat hulle standvastig in geloof sal bly.

Gebeds + Nuus



Oktober 2017

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488 / +27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

MAAK
HOOP
SIGBAAR



Kopiereg © 2017 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org

HEDEENDAAGSE GELOFSHELDE IN IRAN

“... hulle het gebrek gely, is verdruk, mishandel — die wêreld was hulle nie werd nie.” (Hebr 11:37-38)

Op hierdie oomblik is daar van ons broers en susters in die Midde-Ooste en Noord-Afrika wat benarde omstandighede beleef. Veral Iranese Christene ervaar verskillende aspekte van vervolging wat baie druk op hul uitoefen.

Mansour Khajehpour, voormalige Uitvoerende Direkteur van SAT-7 PARS, het vanuit `n streng Shia agtergrond Jesus aangeneem op 15jarige ouderdom. Hy vertel: “Wanneer jy Jesus Christus in Iran aanneem, bly dit tussen jou en jou vrou of man. Rondom jou is daar oral spioene wat jou wil verrai. Dus bly dit net in jou hart. Mense verloor gereeld hul werk, word deur hul gemeenskap en familie ontfer, geban uit skole en selfs op straat aangeval. Ek het die eer en voorreg om te getuig dat ek meeste hiervan persoonlik ervaar het.”

Kykers kontak gereeld die SAT-7 beraders vir gebed en bemoediging wanneer hul sulke isolasie beleef en kontak soek met ander gelowiges. Hulle is dapper helde wat beproewinge, vir die Westerling onbekend, ervaar.

Sam het SAT-7 gekontak en vertel: “Dankie vir jul vriendelikheid en bemoediging met die Woord van die Waarheid. Ek het nooit verwag mense sou so aggressief reageer toe ek hul van die Bybel vertel nie. Ek het geen vrede gehad toe dit die eerste keer gebeur nie, maar vandag ervaar ek vrede en het geen vrees nie, want ek beleef God is met my. Ek bid voortdurend en glo in die krag van gebed. Om in die Naam van Jesus Christus te bid is kragtig.”

- Vra God se beskerming vir die gelowiges wat aan huiskerke behoort in lande waar dit onwettig is.
- Verskeie kerkleiers in Iran is onlangs tot lang termyn tronkstraf gevonniss. Pleit vir hul volharding in geloof, beskerming, innerlike vrede en vrylating.
- Vra God om SAT-7 kragtig te gebruik as instrument van lering en inspirasie vir vervolgte gelowiges. Bid dat SAT-7 uitsendings en beraders gemeenskap van gelowiges sal bied vir eensame gelowiges.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees

Danial van Iran skryf: “Loof die Here vir diegene wat God se Woord in ons taal vertaal het sodat ons Hom in ons moedertaal kan aanbid.

Bid vir my om te groei in my geloof. Bid asb dat ek getrou aan God en Sy Woord sal bly. Mag Hy julle en al Sy arbeiders in jul netwerk seën.”

Van `n kyker in Saoedi-Arabië: “Julle sê dat God se woord ‘`n lamp vir my voet en lig vir my pad is.’ Bid vir my dat ek in staat sal wees om hierdie boek met God se woord te kry.”

Van `n kyker in Irak: “My man se pensioen het nie uitbetaal nie en ons moes geld leen. Ek het `n brief aan Jesus geskryf. Dank Hom saam met ons — ons kon die lening afbetaal.”

Van `n kyker in Qatar: “Ten spyte van die feit dat dit feitlik onmoontlik is om tans pos hier te ontvang, het jul nietemin vir my leesstof gestuur. Mag God julle en die bediening seën.”

Van `n kyker in Algerië: “Ek het nie veel van Jesus geweet nie. Die programme *Eerste Stap* en *Ondersoek die Skrif* het my gehelp om Hom te leer ken. Bid dat my kennis van Hom sal toeneem.”

Van `n kyker in Egipte: “Vandat my familie en ek na jul programme begin kyk het, is ons nuwe volgelinge van Jesus. Help ons om meer te leer van Hom en hoe om in ons daaglikse lewe getuies van Hom te wees.”

VREDE OP AARDE – MEER AS NET `N DROOM?

Grace is `n Arabiese Christen wat verklaar: “Nie net is ek lief vir my geboortedorp nie, maar bowenal is ek lief vir Christus, my Here, Verlosser en Koning vir wie ek dien en lewe in hierdie unieke plek. Ek kies om hier te bly met die wete dat God getrou is, al gebeur wat!”

Sy skryf die volgende brief uit Bethlehem:

Vir baie mense wat in hierdie streek bly is vrede slegs `n veraf droom. Daaglikse lewe in hierdie land reflekteer veel eerder die chaos, geweld en onrus van aardse koninkryke. Om te lewe in hierdie onrus het `n effek op elke aspek van die lewe: die gewoontes en lewenstyl van mense; hul hoop en drome; hul planne en toekoms. Maar meer nog, dit voed haat en negatieweit, wrok en wroeging. Hulle ken nie die kragtige boodskap wat Jesus aan sy dissipels oorgedra het tydens Sy aardse lewe in hierdie selfde land nie: ‘Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.’ (Joh 14:27) Intendeel, Jesus gee nooit wat die wêreld gee nie: Jesus se vrede is werklik, dit vervaag nooit ...

Dit is iets wat die wêreld nie kan verklaar nie, omdat hulle dit nie ervaar nie. Dit word daarom ons roeping om die stêr te wees wat mense na die ware rykdom lei. Slegs wanneer ons ons beste offer vir die ware Koning sal ons wyse manne en vroue wees vir ons generasie.

Mag die uitroep van ons harte `n kreet om vrede wees; vrede, liefde, vreugde en verandering; een tree op `n slag, een persoon op `n slag, want die geboorte van Christus is die hoop vir vrede en versoening vir die wêreld.

Grace.

Grace het Teologiese opleiding aan die Bethlehem Bybel Kollege en die Londen Teologiese Skool ontvang. Sy is tans hoof van Bybelstudie aan die Bethlehem Bybel Kollege en dien haar huiskerk “waar God elke dag iets wonderliks doen, ten spyte van die op en af, die vreugdes en hartseer.” - Lees haar volledige brief:

<http://www.sat7sa.org/News%20Perspective%20Menu.php>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees

Van `n kyker in Iran: “`n Familielid beskuldig ons dat ons ongelowiges is. Sy pers ons af vir `n groot bedrag geld en gebruik ons geloof om ons te manipuleer. Ons het `n kennisgewing van die hof ontvang. Ek weier om my geloof in Jesus te ontken. Bid asb vir ons.”

Van Gazal in Iran: “Waarlik, God sien al ons behoeftes en ken ons gedagtes. Jul teksboodskap was presies wat ek nodig gehad het. In die verlede het ek lering by die kerk ontvang, twee keer `n week, maar dit is jare gelede en ek voel soos `n vis op droeë grond. Ons het almal geestelike voedsel nodig en God se Woord om ons lewe te rig. Dit maak nie saak hoe lank ons gelowiges is nie. Ek volg die Here reeds dertig jaar: ek het geestelike voedsel net so nodig soos `n nuwe bekeerling. Dit maak jul verantwoordelikheid soveel meer. Ons is soos skape wat geskei is van die kudde. Ek moet erken dat hierdie afgesonderheid die manier wat ek leef, praat en dink beïnvloed. Ek is ontsteld met myself: dat om nie deel te wees van `n gemeenskap nie my geloof so laat vervaag. Soms maak ek nie eens meer my Bybel oop nie. Daar was `n tyd wat ek nie kon gaan slaap voordat ek die Woord gelees het nie. Om nie deel te wees van die gemeenskap van gelowiges nie, is baie moeilik. Ek pleit by ons Here Jesus Christus om genade vir myself, vir Iran en die Iranese, en dat ons weer ons lewende Verlosser in eenheid en uit een mond sal kan aanbid.”